

Klassieke Feëverhale

Rooikappie



THINK
DIGITAL ACADEMY



Sendag Rank Gelede

Aan die een punt van Lang-Verlore Woud, waar die Wyse Uil vir wolwe uitgekyk het, het daar 'n dogtertjie gewoon. Wanneer die wind gefluit het, het sy 'n warm, bloedrooi mantel gedra, so die diere het haar Rooikappie genoem.



Een winderige dag het haar ma gesê: “Jy moet hierdie mandjie soet kersie pasteie na Ouma se huis neem. Volg die kronkelende paadjie, spring oor die plasse water en praat NOOIT met die Groot Slegte Wolf nie.”



Rooikappie het weg gehuppel. Sy het die kronkel paadjie gevolg en oor die plasse gespring totdat sy by 'n braambos gekom het. Ag nee! 'n Doring het haar skarlakenrooi mantel gehak en haar styf vas gehou.



“Hou stil, my skat,” het 'n diep stem gebulder. “Ek sal jou binnekort vry maak.” En seker genoeg, het die doring gebreek, die mantel het geflapper en Rooikappie het omgedraai.



“Dankie,” het sy geroep, maar al wat sy kon sien was 'n lang donker vorm wat in die skaduwee gestaan het. “Waarheen stap jy, so heeltemal alleen?” het hy gevra, in sy diep, bulderende stem. Rooikappie het gedink sy het vlugtig groot oë en skerp tande gesien.



“Na Ouma se huis toe,” het Rooikappie senuweeagtig geantwoord. “Sy woon aan die ander kant van Lang-Verlore Woud, in ’n kothuis met die groen deur.” Op daardie oomblik het 'n uil getoet en die donker vorm was weg en het verdwyn tussen die bome.



Rooikappie het nie geweet dat sy so pas die Groot Slegte Wolf ontmoet het nie, so sy het net vrolik rond gedwaal en wysies vir haarself gesing.



Intussen het die honger wolf na Ouma se huis gejaag en aan haar groen deur geklop. “Laat my in, Ouma,” het hy gesê met sy pieperigste stem. “Ek het vir jou ’n mandjie soet kersie pasteie gebring.”

Maar het Ouma haar twee punt skoene aan getrek en hom in gelaat?

Ek is bevrees dat sy dit wel gedoen het! Arme Ouma. En arme Rooikappie, wat heeltemal te laat by die huisie uitgekom het.



“Laat my in, Ouma,” het sy vrolik geroep. “Ek het vir jou 'n mandjie soet kersie pasteie gebring.” “Laat jousef in, my skat,” het 'n krakerige stem geantwoord. “Ek is in die bed met 'n nare verkoue.”



Rooikappie het die deur knip opgelig en in gestap. Iemand was in die bed lekker warm toe gemaak met Ouma se gunsteling slaap mus. Die kamer was donker, so Rooikappie het nader gestap.

“Ouma”, het sy gefluister. “Hoekom is jou oë so groot?”

“Dit is om jou beter te SIEN,” het die stem gesê. Met 'n nies het die slaap mus af geval!



“Ouma”, het Rooikappie gehyg. “Hoekom is jou ore so groot?”

“Dit is om jou beter te HOOR,” het die stem gegrom.



“Ouma,” het Rooikappie gesluk. “Hoekom is jou tande so groot?”

“Dit is om jou mee te EET,” het die stem gebrul.

“Wag! Jy is nie my ouma nie!” het Rooikappie geskreeu.



Die wolf het uit die bed gespring, sy skerp tande blink in die donker. “En dis hoekom jy NOOIT moet stop en met die Groot Slegte Wolf praat nie!”



Nou het Rooikappie sy vet maag gesien en sy het geskree:
“Help, help! Die Groot Slegte Wolf het my Ouma op geëet, en
hy wil my ook eet!”



Gelukkig het die Wyse Uil reeds die Storieland se Veeartse geroep. Hulle het deur die deur gebars met hul tower medisyne en in 'n jap trap was die wolf vas aan die slaap.



Binne sy maag, ek is bly om te sê, het hulle vir ouma veilig en goed gevind, maar toe hulle hom weer toe gewerk het - het hulle per ongeluk haar twee punt skoene binne gelos!



So nou, wanneer die Groot Wolf honger voel, DANS
en SPRING daardie twee skoene totdat hy huil.

– en daarom DROOM hy nooit weer om 'n ouma te
eet nie.

Die Einde





THINK

DIGITAL ACADEMY